Preektema: Christus, die leeu uit die stam van Juda, regeer! Onderwerp jou aan Hom!

Vooraf sang
Lied 407: 1,2
Lied 215: 1,2,5.

Ontmoetingsdiens
Intreelied Lied 428: 2,4
Votum
Seëngroet
Lofsang Sb 7 – 1: 1,3
Gebed

Woorddiens
Skriflesing Genesis 49
Teks: Gen 49: 10 - 12
Belydenis: HK Sondag 12 vraag 31.
Woordbediening

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Sing Psalm 110 - 3: 1,2,3
Wegstuurseën
Amen Sb 13 – 2.

Geliefde brs en srs

Ons besef nie elke dag onder watter geweldige geestelike aanslag ons lewe nie! Kyk jy weer ‘n slag bietjie krities na dit wat elke dag aan die mens aangebied word deur die wêreld dan besef jy weer opnuut hoeveel stemme daar is wat roep om gevolg te word. Hoeveel stemme daar is wat elke dag in my en jou ore skree en wat ons kinders se ore vol maak sodat hulle dit moet volg.

Daar is die stem van geld en voorspoed wat vir jou die wêreld belowe. Daar is die stem van jou eie vrye wil wat jou belowe dat jy daarmee god word en self jou wêreld kan vorm soos jy dit wil hê. Daar is die sterk stem van losbandigheid wat alle sedelike norme wil afbreek en wat vir jou die belofte voorhou van plesier as hoogste waarde. Daar is die roepstem van geweld en mag wat jou belowe dat jy aanbid alles sal beheer as jy daarmee opereer. Dan is daar nog die blatante roepstem van die valse profete wat mense weg roep met valse godsdienste van die wêreld.

En dan is daar God se stem! Sy roepstem wat tussen al hierdie ander stemme weerklink. God wat jou vanaand weer roep om jouself te onderwerp aan die triomferende Messiaskoning.

Tussen al hierdie ander stemme klink hierdie roepstem dalk nie vir jou so aanloklik nie. Dit klink eerder soos iets wat jou iets gaan laat verloor as jy daaraan gehoor gaan gee. Die manier waarop hierdie stem na jou te kom is ook nie altyd so indrukwekkend nie.

In ons teksverse kom dit in die vorm van ‘n sterwende pa wat sekere uitsprake maak oor sy 12 seuns en hulle nageslagte. En met die eerste lees daarvan wonder jy wat dit nou vir jou beteken.

Maar, luister ons mooi na hierdie roepstem van God dan hoor ons dit gaan oor ‘n Triomferende koning, die leeu uit die stam van Juda, wat jou roep om Hom te volg. Dat jy midde al hiedie ander stemme – sy stem sal hoor en Hom sal volg.

Brs en srs, die belofte wat God in ons teksgedeelte gee staan vroeg in die geskiedenis van God se openbaring. Ons staan maar aan die einde van die eerste boek van die Bybel. Die belofte wat vroeër eers aan Abraham gegee is, daarna aan Isak en toe aan Jakob, neem nou sy verdere loop met hierdie seën wat Jakob oor elkeen van sy 12 seuns uitspreek.

Jakob het al 17 jaar in Egipte gewoon en hy het besef sy lewensdae word min. Hy was ook al reeds fisies swak want ons lees in Gen 48: 1 dat hy siek was. Nadat hy sy twee kleinseuns – die seuns van Josef – geseën het roep hy sy eie 12 seuns bymekaar om aan hulle bekend te maak wat met elkeen en sy nageslag sal gebeur.

Maar dis meer as net toekomsuitsprake. Hierdie woorde van Jakob is ook Godsopenbaring oor die toekoms van sy volk en sy kerk – tot vandag toe! Die uitdrukking in vers 1 in die 1933 vertaling naamlik “aan die einde van die dae” is slegs ‘n verwysing

na die toekoms en na ‘n spesfieke tydvak nie – dit het ’n oop einde. Daarom het sommige van die uitsprake in vervulling gegaan en sommiges moet nog in vervulling gaan.

Jakob begin by Ruben, sy oudse seun. En volgens die gebruik van die eersgeboortereg sou jy verwag dat Ruben die draer van God se spesiale beloftes moet wees. Maar Ruben het sy eersgeboortereg verbeur deur die sonde wat hy met sy pa sy byvrou Bilha gepleeg het. Ons lees daarvan in Gen 35. Ook die volgende twee seuns , Simeon en Levi, is onwaardig om hierdie besonderse belofte voor te dra as gevolg van hulle bloeddorstige geaardheid. Jakob verwys hier na hulle optrede in Gen 33: 25 – 29 toe die twee die mense en diere van Sigem uitgemoor het.

In vers 8 kom hy dan by Juda en Jakob begin te jubel oor hierdie seun van hom. Hy sê: “Juda, jy is een! Jy is die een wat die spesiale belofte van God ontvang! Jou nageslag sal die draers wees van God se beloftes. Jy is uitgekies om die besondere seën te ontvang. Geliefdes, was Juda beter as sy broers?Nee, Juda het ook sonde gedoen. Hy het het groot sonde gedoen deur ‘n kind te verwek by Tamar sy skoondogter. God se keuse berus nie op menslike prestasie nie – nee - God se verkiesende genade is louter genade – geen verdienste nie! God het besluit dat Juda die draer van sy belofte sou wees. So het God dit ook uit vrye genade aan my en jou gegee!

In verse 8 – 10 beskryf Jakob die voorrang wat Juda oor sy broers sal geniet. Sy nageslag sal heers oor sy broers – en hulle sal voor hom buig. In vers 9 vergelyk hy Juda met ‘n leeu. Juda sal so sterk soos ‘n leeu wees en sy vyande verskeur. Die metafoor van die leeu beeld nie net krag uit nie maar ook heerskappy! Die septer en veldheerstaf van vers 12 is albei simbole van heerskappy. Hierdie kragtige heerskappy is veral vervul in die tyd van Dawid en Salomo.

Maar Jakob kwalifiseer die heerskappy van Juda. Hy sê Juda sal heers “totdat Silo kom en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees”. Juda se heerskappy sal duur tot ‘n groter heerser die koningskap oorneem. Romdom die verklaring van die woord “Silo” is daar baie verskille en geen bevredigende verklaring nie. Maar dat Silo op Christus dui – daaroor is min verskil. Uit die nageslag van Juda gaan ‘n ewige wêreldheerser opstaan wat groter is as menslike konings en magte en wie se koningskap vir ewig sal duur. Hierdie beloftes is duidelik in Jesus Christus vervul.

Die kategismus sê: Christus is tot ons ewige Koning gesalf en Hy bring vir ons aardse en geestelike seëninge. Dit word in vers 11 en 12 beskryf. Onder regering van Christus sal daar oorvloed van wingerde en wyn wees. Soveel dat die donkies van die beste wingerde kan eet en dat mense hulle klere in wyn kan was. Metafoor van die oorvloedige seëninge wat die Messiaskoning vir sy volk sou bring.

Maar hierdie seëninge en heerskappy kom nie sonder ‘n groot offer nie! Daarom sê die Kategismus dat Christus ook tot ons Hoepriester gesalf is. Hy bring nie offers nie – maar gee Homself as offer vir versoening vir sy sondige volk en tot oorwinning oor die bose!

Daarom word Hy die “Leeu” ook die “Lam” genoem! Hy word geslag en deur sy offer kom die oorwinning.

Brs en srs, wat ‘n heerlike belofte aan Juda wat tot vandag toe ook ons lewe rig. Dat ons ook kan deel aan hierdie koninkskap en heerskappy van Silo - Christus ons Here! Dat ons ook ‘n lewe van seën en van oorwinning in Christus kan beleef. Oorwinning oor ons sonde en oorwinning oor die versoeking van die stemme van die wêreld!

Die vraag is net – hoor ons nog tussen al die stemme van die wêreld wat so hard roep – die gebrul van die Leeu van Juda? Is sy stem vir ons nog die stem van die koning of het die offer van die lam aan die kruis ook iets geword wat ons nie meer bevredig nie? Die boodskap van die kruis is oud en uitgedien – ons soek iets vars en nuut – so sê die mens van die wêreld vandag! Die stem van die Leeu klink maar flou teenoor al die ander stemme wat so aanloklik klink en die beloftes wat hulle maak lyk so bekoorlik.

Geliefdes, hierdie belofte van God vra ook van ons ‘n keuse. Dat ons die koning sal gehoorsaam. Wanneer Jakob in vers 10 sê dat die volke Silo sal gehoorsaam dan dui die woord “gehoorsaamheid” op gewillige onderwerping! Dat mense hulle gewillig onder die gesag van die Leeu onderwerp.

Hierdie belofte het waar geword deur al die eeue heen. Soos die mense – ook buite Israel – die stem van die Leeu gehoor het en die offer van die Lam gesien het – so het hulle in Hom die enigte ware Koning van die wêreld gesien en hulle gewillig aan sy wil onderwerp!

Dit is die wonder van geloof wat deur die Heilige Gees gegee word! Dat mense wat nog vasgevang was in die greep van die duiwel en wat na die roepstemme van die wêreld geluister het – dit die rug keer en hulle gewillig aan Christus onderwerp – Dit is die wonderkrag van die Gees van God wat mense so gewillig omkeer!

Die vraag is vanaand: doen ek en jy dit nog? Dat ons ons gewillig onderwerp aan sy heerskappy oor ons lewe! Om aan die seëninge van Christus te deel vra ook ‘n offer – die offer van gehoorsaamheid. Dat ek myself aan Christus se heerskappy onderwerp en dat ek na sy stem alleen luister! Ons moet onsself afvra: hoe aanloklik het die roepstemme van die wêreld nie al vir ons geword nie? Is ons nog bereid om te sê” Christus en Hy alleen – of wil ek nog kompromië met die wêreld maak?

Ons moet besef: die stemme van die wêreld gaan stil word. Die verleiding van die satan en die wêreld se tyd is min. Met sy hemelvaart het Christus se heerskappy oor hulle bevestig – al lyk dit soms vir ons nou so anders om – so asof die wêreld oorwin! Die belofte van die Here deur Jakob aan Juda bevestig vanaand weer vir ons: daar is geen ander een as die Leeu uit die stam van Juda nie.

Ons lees met sy hemelvaart in Open 5:5 die volgende woorde: "Toe sê een van die ouderlinge vir my: “Moenie huil nie. Kyk, die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling

van Dawid, het die oorwinning behaal en kan die boek met die sewe seëls oopmaak.”". Hy regeer en Hy sal sy regering finaal kom voltrek met sy Wederkoms:

Brs en srs, kom ons gryp vas aan hierdie woorde van ou vader Jakob want daarin lê die wonderlike belofte van God vir ons opgesluit – dat ons nou en eendag volkome deel aan die heerlike heerskappy van Christus. Moenie jou laat verlei deur die roepstemme van die wêreld nie – dit is klatergoud – dit blink maar beteken niks! Dit kan jou nie salig maak nie. Dit bring nie ware geluk nie!

Nee, onderwerp jou gewillig aan die Leeu uit die stam van Juda – die lam van God. Want eendag gaan ons saam met al die miljoene engele die volgende lied sing:
“Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam, behoort die lof en die eer, die heerlikheid en die krag, tot in alle ewigheid.”" Daar sal ons die volle heerlikheid van sy koningskap kan ervaaar – iets sê Paulus – so wonderlik – dat geen mens dit nog ooit kon bedink nie!

Amen